TOUCHER

CENTURION ROLBALKLUB CENTURION BOWLS CLUB

(www.centurion.bowls-club.co.za)

secretary@centurion-bowls.co.za

NUUSBRIEF / NEWS LETTER

Oktober 2022 October

***Slegs twee bestanddele is nodig om van elke dag 'n meesterstuk te maak: besluite en dissipline.* (John Maxwell)**

VOORAF…

Heel eerste weer 'n hartlike dankwoord aan Mari Flint wat vir soveel jare gesorg het dat die Toucher elke maand met die regte gras en gewig afgelewer is. Welgedaan, Mari, en jou voetspore sal gevolg word! Baie dankie ook aan Dawie vir die mooi dankwoord in die vorige Toucher. En ja, nou sit 'n nuwe ou aan die stuur. Die Toucher is egter klubbesit, en daarom die oop uitnodiging om daartoe by te dra op enige wyse - as dit nodig sou wees ook met klippe en vrot tamaties, gelanseer na die redakteur.

Since we have a number of English-speaking members, care will be taken that the Toucher will reflect this in presenting some features in English. I sincerely hope that the Toucher will continue to reflect the hearts and minds of our club, Happy reading!

HOOGTEPUNTE

Centurion Rolbalklub 50 jaar!

Feesviering

Op 30 September 2022 is die vyftigste bestaansjaar van ons klub glansryk gevier in die klubhuis. Dit is bygewoon deur 96 lede, saam met eregaste Nico Boezaart (President: BGN) en oud-lede Jannie de Beer, Naudene Ward, Eric Oosthuizen en Kobus Nieuwoudt. Die seremoniemeester, Koos Slabber, het op bekwame wyse die verrigtinge gelei, en dit aangevoor met 'n vasvra oor die ontstaan van rolbal. Dit het ons meegevoer vanaf die antieke Egiptenare tot by nadere geskiedenis waarin veral die Skotte vaste beslag aan die spel gegee het.

Emil Haarhoff het die funksie op gepaste wyse formeel met gebed geopen. In sy verwelkoming het ons president Bosman Olivier spesifiek melding gemaak van die eregaste, asook die verjaarsdae van Bets du Plessis (80) en Jaco Immelman (50). ’n Heildronk op die welsyn van die klub het die feestelike stemming beklink.

Nico Boezaart (President: BGN) het in sy feesboodskap die historiese verband tussen die Meyerspark- en destydse Verwoerdburg Rolbalklubs uitgewys, soos dit onder andere blyk uit die ooreenstemmende klubhuise. Die feit dat hierdie twee klubs steeds jaarliks ’n gesamentlike toernooi hou, is met waardering genoem. Die dringende toekomseis van werwing van jonger lede, en die instelling van skoliere-liga’s, is ook beklemtoon.

‘n Hoogtepunt in die program was die toekenning van erelidmaatskap aan Jannie de Beer vir haar jarelange uitsonderlike prestasies op provinsiale en nasionale vlakke. Jannie het die toekenning met groot dank aanvaar, en gemeld hoe sy die rolbal mis. ’n Opname van ’n groeteboodskap van ons ander erelid en vorige president, Joan Church, is toe voorgespeel.



Die “storie van die klub” is voorgehou op ’n wyse soos net Kas Landman dit kan doen. Met kreatiewe tussenwerpsels en gefladder van papiere het die “storie” op unieke wyse vorm aangeneem, tot groot genot van die toehoorders.

Die verrigtinge is afgesluit deur ons Vise-president, Jurg Odendaal. Hy wens die seremoniemeester Koos en eggenote Francis, geluk met hul 55e huweliksherdenking, en meld toe verder, met waardering, die vier vorige presidente teenwoordig by die funksie, naamlik Mari Flint, Kas Landman, Werner Klerk en Ted Harley. Vir die sukses van die funksie bedank hy spesifiek vir Bosman, Hermien, en die dryfkragte Liezl, Zinda, Dawn, Tina en kroegbaas Johann. Sowaar, wat ’n fees!

Die "storie"....

50-JARIGE BESTAAN VAN DIE CENTURION ROLBALKLUB

30 SEPTEMBER 2022

Kas Landman

met insette van Mari Flint, Bosman Olivier en Dawie Hanekom

Centurion Rolbalklub is deel van Sportpark in Lyttelton-Oos, oos van die spoorlyn met die ingange in Krugerlaan en Sportstraat (aan die noordekant).

Centurion Rolbalklub is op 9 November 1971 as Verwoerdburg Rolbalklub gestig. Die stigtingsvergadering is geïnisieer deur Hennie van Zyl, Piet Hamman en Eddie Atkins en is gehou in die skoolsaal van Louis Leipoldt-laerskool. Die munisipaliteit suid van Pretoria is Verwoerdburg genoem en dit is vandaar dat die rolbalklub toe ook Verwoerdburg Rolbalklub genoem is. Vyf-en twintig jaar later, op 7 Augustus 1996, is die naam verander na Centurion[1] Rolbalklub.

Met die stigtingsvergadering was daar 29 persone teenwoordig wat toe ook as lede op die ledelys geplaas is. Een van hierdie 29 lede is Joan Church wat vir jare lank as president op die besture van BGN en BSA gedien het. Joan is ook `n erelid van BGN. Joan en haar eggenoot Cliff Church het elkeen as president van die Centurion Rolbalklub gedien. Joan en Cliff het Kaap toe verhuis. Joan Church is tans steeds erelid van Centurion Rolbalklub.

In Februarie 1972 het Eddie Atkins met die bou van die perke begin. Dit het ongeveer `n jaar geneem om dit te voltooi.

Daar was nie `n klubhuis nie en lede het tee en toebroodjies gebring wat hulle onder die dennebome geniet het. In 1973 is `n klubhuis met `n kombuis en toilette opgerig. Die geriewe was maar beperk en gou is daar `n onthaalarea, groter kombuis en stoep aangebou.[2]

Dankie aan die stigters van hierdie klub en die vorige besture wat die klub laat ontwikkel het tot wat ons vandag hier het.

Oor die jare heen is die geriewe en fasiliteite verbeter

Tydens my termyn in 2007 is `n administratiewe kantoor ingerig en is daar ook spreiligte aangebring wat meegebring het dat rolbal ook na sononder gespeel kon word. Geriewe vir gestremdes is ook aangebing. Ek het ook tydens hierdie termyn die lede van Centurion Rolbalklub op die BSA lederegister elektronies geregistreer. In hierdie termyn is daar ook nuwe telborde gemaak danksy `n skenking van Nissan wat deur Bill van der Merwe gekry is. Hierdie telborde is deur Lesufi se straatmense van die naasliggende sokkerveld vernietig.

Daar was altyd lede wat gesorg het dat wat gedoen moes word, gedoen is.

---

[1] Die naam van die munisipaliteit is in 1994 verander na Centurion. Dit het gevolg nadat die krieketveld wat vandag bekend is as Supersportpark die naam Centurion gekry het.

[2] Hierdie deel van die geskiedenis is waarskynlik deur Chris Nieuwoudt (sekretaris) gedokumenteer.

- Mari Flint wat die *TOUCHER* al etlike jare op uitmuntende hanteer. Hennie Haupt-Meaker het ook gehelp met die *TOUCHER. Vanwaar Gehasi,* is naas *Kleinjan,* `n maandelikse hoogtepunt.
- Die lede van die keurkomitees
- Die dames wat altyd aan diens was en is in die kombuis. Eer aan hulle.
- Die kroegmanne wat ook altyd aan diens is
- Die afrigters wat nuwe lede altyd balwys maak.
- Die merkers en skeidsregters
- Die perkemeesters waaronder Doep du Plessis wat ten minste vir tien jaar gesorg het vir puik perke.
- Die manne wat sorg dat die toerusting altyd gereed is by die bane en ook dat die vlag gehang is en ook dat die toerusting en vlag weer gebêre is.
- Frank Wepener het altyd gesorg dat harke en die telborde in orde bly.
- Daar is altyd `n lid of twee wat die tuine versorg.
- Rodney Robinson het die blinders voor die vensters met skaflike gordyne vervang en het gehelp met die verbetering van die kroeg en ander items in die klubhuis.
- Dennis Claussen het gesorg vir 'n nuwe stoof in die kombuis
- Ted Harley maak `n verskeidenheid items: telborde en wat ookal.
- Wat Piet van der Merwe by Zwartkop gemaak het, is nou ook by Centurion.
- Gert Goosen wat altyd die bane uitgemerk het.
- Annie Marais wat sorg dat die gordyne altyd reg hang.
- Sakkie en Florence van Zyl, Koos Moolman en Matie Stander met die opgradering van die braaiplek.

Ons het ook waardering vir

- die munisipale werkers wat gras sny en die perke altyd in goeie toestand hou, en
- die bediende wat die klubhuis altyd skoonhou.

Centurion Rolbalklub het ook teenspoede beleef, soos die keer toe die klubhuis se dak afgewaai het.[3] `n Nuwe dak is opgesit maar dié het gelek en moes weer vervang word. Die vloerteëls van die klubhuis is toe ook vervang.

Met die herstel van die daklose klubhuis is die naasliggende gebou as klubhuis gebruik.

Wat Covid betref, sê Bosman Olivier, ons huidige president: "Ons kan noem dat dit ons kontantreserwes uitgeput het, wat ons byna in die hof laat beland het omdat die

[3] Op 22 Februarie 2010 skryf ek die volgende aan die Stadsraad: *Centurion Rolbalklub is aangewys as `n venue waar die Womens National Championships van Bowls South Africa van 17 tot 25 April 2010 aangebied gaan word.*

Daar is dak- en plafonskade aan die klubhuis vanweë die reën en wind vroeër die seisoen. Die skade is reeds gerapporteer. Die skade is van so `n aard dat dit nie binne `n dag of twee herstel sal kan word nie. U sal begryp dat as die skade herstel sou word as die Womens National Championships plaasvind, dit baie ongerief vir die klub en spelers sal veroorsaak.
Tog sal ons bly wees as die herstelwerk een of ander tyd gedoen kan word.
Hieruit is af te lei dit in Novmber of Desember 2009 gebeur het.

stadsraad gedink het ons het nie ons huurrekening betaal nie. Ons moes ook noodgedwonge 'n gebruikte grassnyer aankoop om die perke te versorg. Dié is gesteel maar gelukkig weer teruggevind deur die slim speurwerk van die vorige perkemeester, Jaco Immelman."

Die sokkerterrein aan die suidekant is met die Covid-fase gebruik om die straatmense in `n reusetent te huisves. Hierdie bure het ook gesorg vir aansienlike skade vir Centurion Rolbalklub.

Daar is twee redes waarom ons nog steeds hier is:

1. Dit is omdat ons die mense is wat die balle met die swaaikant[4] na `n witballetjie rol en
2. omdat ons hou van die sosiale verkeer en vriendskap wat met rolbal saamgaan.

Wat 1. betref, haal ek graag uit `n BSA-nuusbrief die volgende aan:

> "*Rolbal is 'n sportaktiwiteit waaraan almal kan deelneem en dit kan geniet. Die leuse van rolbal is nie verniet DIE SPORT VIR 'N LEEFTYD VIR ALMAL nie. Twee spelers wat hier vermeldingswaardig is, is Danie Bosch en Icy Kotzé. Met haar 90-ste verjaarsdag het Icy op `n vraag van die president wat sy beplan vir die toekoms, geantwoord dat sy vir haar `n nuwe stel rolballe gaan koop. Sy het toe minstens vir nog vier jaar met die nuwe balle gespeel!*"

In die rolbalkultuur staan `n paar dinge vas:

1. Die enigste rang en status wat jy in die klub het, is jou voornaam, jou voorgee en jou plek in `n span en jou bydrae tot `n sosiaal aangename atmosfeer in die klub.
2. Die hoogste funksie vir `n rolbalspeler is om goed te kan trek.
3. Hoe beter jy kan trek en lê, hoe gelukkiger rolbalspeler is jy – en vir `n sosiale aangename omgewing is `n gelukkige rolbalspeler belangrik.
4. Geen rolbalspeler speel willens en wetens `n swak bal nie.

Almal kan saam deelneem sonder om aan die genot van die spel afbreuk te doen. Juis dit maak van rolbal 'n uitstaande hulpmiddel vir personeellede, werkgewers en werknemers om rolbal te gebruik vir spanbou.

Twee van Centurion Rolbalklub se lede se vaders was kommissarisse van die SAP. Een van die kommissarisse was ook lid van die klub. Oom Daan het nie baie hare op sy kop gehad nie en as sy ou vriend, oom Grobbies, in die klubhuis ingestap het, het hy altyd heel eerste vir oom Daan op `n besonder wyse gegroet: Sy hand oor oom Daan se kop gevryf en dan gesê: "Middag Boetie".

Wat die spelers betref, kan ons onderskei tussen drie kategorië spelers

1. Sosiale spelers
2. Kompeterende spelers en

[4] Dit is ook so dat daar ook spelers is/kan wees met `n swaaikant maar dit het niks met links- of regsdominansie te doen nie.

3. Hoogskompeterende spelers

In Centurion Rolbalklub is al drie hierdie kategorieë aanwesig.

`n Rolbalklub is meer as net `n kampioene-klub. Dit is die gewone klublede wat tot kampioene ontwikkel en dit is die gewone klublede wat `n klub in stand hou.

Dit is so dat prestasie motiveer en bevorderlik is vir `n goeie moreel. En dit is ook so dat rolbal jou leer om nederig te wees.

In die hoogskompeterende kategorie is dit veral die dames wat nie net nasionaal nie maar ook internasionaal presteer het.

Dit is veral die dameslede van Centurion Rolbalklub wat presteer het. Op die Wêreld Rolbal Enkels-ranglys wat op 10 Mei 2010 gepubliseer is, is Jannie de Beer 37ste geplaas. Jannie de Beer is ook een van die Springbokrolbalspelers van Centurion Rolbalklub. Nog `n Springbokrolbalspeler is Loraine Victor wat ook lid by Centurion Rolbalklub was.

In 2000 het Jannie de Beer, Loraine Victor, Joekie Bernard en Naudene Ward van Centurion Rolbalklub die SA OPE ROLBALKAMPIOENSKAP gewen. So was hulle ook die wenners van die SA NASIONALE ROLBAL-KAMPIOENSKAP IN 2000, 2001 en 2003. Wat `n gedugte span!

Jannie en Loraine het ook skoonskip gemaak in die BGN Enkels vanaf 2000 tot 2004.

Die volgende dames van ons klub is almal gekies om Gauteng Noord in 2013 te verteenwoordig en die spanne het die meeste van die tyd met die louere weggeloop: Loraine Victor, Jannie de Beer, Joekie Bernard, Susan van Blerk, Naudine Ward, Louise Graham, Ria Coetzee, Yvonne Claussen, Valerie Pretorius, Kitty Peters, Heather Wolmer, Dulcie Claassens en Bessie Oliemans.

Op die uitvoerende bestuur van BGN het Centurion drie presidente opgelewer: Piet v Heerden, Joan Church en Cathy Bronner. Mona Stacy was visiepresident.

Joan Church en Cathy Bronner was ook presidente van Bowls SA.

Ander lede wat ook diens gedoen het vir BGN was Rina Visser, Bert Steyn en Mari Flint.

In 2016 het Zwartkop Rolklub vanweë eiendomsontwikkeling daar sy deure gesluit en het talle lede van Zwartkop Rolklub by Centurion Rolbalklub aangesluit. Dit was `n welkome aanwins vir Centurion.

Rolbal is waarskynlik die enigste sportsoort wat die herinneringe aan afgestorwe lede eer met die muurkassie met die byskrif: *Hulle skyfies is vir altyd in.* In die klubhuis van Centurion Rolbalklub is dit aangebring by die westelike uitgang van die klubhuis.

Centurion Rolbalklub het tans 127 lede (74 mans en 53 dames).

	Aantal	Gem Oudrdm		Jongste	Oudste
Mans	74	72.1		32	88
Dames	53	72.6		50	89
	127	72.4			

Die huidige lede wil graag hulde bring aan die lede en die besture oor die jare heen: Van November 1972 tot vandag toe 30 September 2022.

Mag dit vorentoe net goed gaan met Centurion Rolbalklub.

KLEINJAN

Haai Ma

Ek is nou al amper ‘n jaar met die rolbal besig, maar ek rol nog baie rong-baiese. Ek dink ek moet weer opgely word, maar Kobie Nuweboude rig nie meer af nie. Daar is nou ‘n Leon Smurf wat dit doen. Jis Ma, die ou speel rolbal met ‘n yster wat die bal gryp, en dan trek hy ‘n sneller en dan rol die bal. As hy dit kan doen, behoort hy my ok te kan help.

En toe word ek uitgenooi na ‘n verjaardag party toe. Die rolbalplek het verjaar en is nou 50. Die party was in die middag want die ou mense kan nie in die donker ry nie. Oom Koos Slaapbert was die Emsie en het mooi gepraat. Dominee E-mail het gebid vir al die mense wat in die donker moes huis toe ry, en toe het Oom Santa Bosman almal gegroet.

Toe het ‘n baas van die rolbal by die Bulle met ons gepraat. Hy het gesê die mense wat by ons speel is te oud en ons moet jonger word, maar ons moet lekker verjaar.

Oom Kas Landmens het toe vir ons vertel wat alles in die 50 jaar gebeur het. Ek dink hy was van die begin af daar soos Moses. Daar was ook van die ou eerste ministers by die party. Oom Wenner de Klerk, tannie Maer-I Vuurklip, oom Kas self, en Terrible Hardy, wat ook al roomys in Ierland verkoop het.

Toe het Santa Bosman ‘n tannie met die naam Jannie die Beer, vorentoe geroep en vir haar gesê sy is nou vir altyd ‘n lit by die klub, maar sy hoef nie meer te speel of te betaal nie. Dis omdat sy ‘n Springbok was in rolbal. Haar naam staan oral op die mure geskryf en daar is ok ‘n foto van haar.

Die nuwe onderbaas, Jig Oredal, het vir almal dankie gesê en toe het hulle groot borde kos vir almal gebring. Ons het ok wyn verniet gekry en net soos by ons Oujaarsdans, was daar gou niks oor van die kos en die vernietwyn nie.

Hulle het toe nie iets op die baan geplant wat met grond toegegooi was nie. Dit was om die gras weer groen te maak lat hulle dit gedoen het en om die verfstrepe uit te kry wat Erens daarop geverf het. Nou het hulle wragties die ander baan toegegooi, want hy was ook vol strepe geverf.

Ons begin die maand liga speel teen ander spanne. Dis amper soos die kerriebeker, maar net in rolbal. Oom Haanis Bota het ’n klomp spanne gekies wat nou teen mekaar oefen. Ek het eenkeer in ’n Losserige Littespan gespeel, seker omdat ek nog jonk is. Die ouer manne se litte is nie meer so los nie. Die tannies oefen ok, want hulle speel ok teen ander spanne, maar hulle het nie losserige littespanne nie

Dan het ons een keer ’n maand ’n lopende wors-dag. Leon Smurf het dit uitgedink en die wenners kry boerewors en mag daarmee huis toe loop. Die verloorders kry pap, en ek kry elke keer ’n Vienna omlat ek rong biases kan rol.

Tannie Maer-I Vuurklip gaan nou nie meer die koerant skryf nie. Sy het dit baie lank gedoen en wil nou bietjie rus. Die koerant gaan nou deur ene Carrot Kampeerder geskryf word, want hy was ook by die rolbalnes in die berge. Lyk my hulle leer mens allerande dinge daar.

Groete

Kleinjan

BESTUUR

Die maandelikse bestuursvergadering is gehou op 7 Oktober. Oor die algemeen verloop sake by die klub na wense. Finansies het ook ten goede verbeter. Onderhoud van die Van Zyl-perk (B-baan) verloop goed en die perk sal na verwagting teen einde Oktober weer gebruik kan word. Fondsinsamelingsinisiatiewe en spesiale toernooie geniet voortdurende aandag en lede sal betyds daaroor ingelig word. Die Jaareindfunksie sal plaasvind op **10 Desember** by wyse van bring-en-braai, asook ’n uitvoering deur klublede. Die volgende bestuursvergadering is geskeduleer vir 4 November.

COMPETITIONS

Club

Club competitions are due to start as soon as both greens are available for play - probably by the end of October.

League

Provisional league teams are hard at work in playing full matches of 21 ends. The convenors of the selection teams (Hannes and Marsha) are at the helm of keeping these matches on track. League matches commence on 29 October.

ROLBALONTWIKKELING

Kursusse

Lede wat suksesvol `n merkerskursus op 1 Oktober 2022 voltooi het:

- Adri Greve
- Conrad Greve
- Emil Haarhoff
- Jurg Odendaal

Lede wat tans die afrigterskursus bywoon:

- Zinda Muller
- Ernst Muller

Baie geluk!

Reèlwysigings

LAWS OF THE SPORT OF BOWLS
Fourth Edition (2022)
DOMESTIC REGULATIONS

For Domestic play the following regulations have been amended as per World Bowls (Law 57.1)

A.3 DRESS: In all representatives matches (all matches other than social games and club competitions) players shall wear either white or cream or official colours registered by the club, district or Member National Authority for clothing as specified hereunder. Controlling Bodies may authorize variations in these clothing specifications from time to time. Furthermore, the Controlling Body shall
also have the right, even retrospectively, to declare any variation in dress unacceptable after which such variation in dress shall not be worn.

All players participating in a team event are required to be uniformly dressed.

Men
1. Headwear, if worn, may have approved insignia or hatbands. Caps are to be worn with the peak facing forward.
2. Shirts shall have conventional collars and be adequately buttoned.
3. Full length trousers or tailored shorts, (knee length) with pockets may be worn or shorts approved by Bowls SA. (Under no circumstances shall Cargo, Combat, Denim trousers or Rugby shorts be permitted). String tied trousers (cricket trousers), tracksuit trousers or tracksuit shorts, without a front zip, approved by a club, district or member authority are also acceptable. Ankle socks, secret socks or
golf hose must be worn with shorts.

Ladies
1. Headwear, if worn, may have approved insignia and/or hatbands. Caps are to be worn with the peak facing forward.

2. A bowling dress with collar, a skirt or tailored slacks of any length, together with a blouse with a collar, is permissible provided they are not manufactured from Lycra or any other body clinging material.
3. Bowls South Africa has approved the 'Skort' as acceptable apparel for female bowlers.

Code of conduct and disciplinary procedure

1. Players shall at all times comply with the laws of the Sport of Bowls as read within the Conditions of Play imposed in terms of Law 57.2 together with Appendix A.1 of the said Laws.
2. Players shall not, under any circumstances, use obscene language; use any obscene signs, assault or threaten to assault; threaten or victimise any other player, official or spectator, whether during or after play on the greens, or in or around the venue where the competition is held, or conduct themselves in any manner which in the sole and absolute opinion of the organising Controlling Body is contrary to the spirit of the game of bowls;
3. The Controlling Body has the power to restrict the use of alcoholic beverages and tobacco products on the green. It is proposed that no tobacco products be used on the green.

Afrigting

Afrigting van potensiële nuwe lede kontinueer, met groot dank aan Hermien, Leon en Bosman.

LEDESAKE

Verjaarsdae in Oktober

2	Louis de Klerk	17	Johan Meaker
6	Susan Schutte	18	Appie Nieuwoudt
8	Freda Cloete	24	Dawie Hanekom
14	Francois Tulleken	25	Annette Olivier
17	Marieta Fourie	31	Dup du Plessis

Verjaarsdae in November

1	Jan Ebersohn	17	Frank Wepener
7	Tillie Kamper	21	Magda Timmermans
8	Bruce Austen	27	Sarie Esterhuizen
10	Yvonne Bock	29	Louie Weber
13	Nic van Huyssteen	30	Annie Marais
16	Conrad Greve		

Nuwe lede

Jacques van Schalkwyk, Nic van Huyssteen en Pieter Pretorius. Baie welkom!

Lief en leed

- Elize du Plessis ondergaan die laaste fase van behandeling - met goeie gevolg.
- Hendrina Meaker sterk steeds aan na haar operasie - helaas stadiger as wat voorsien is.
- Anita Beukes is steeds buite aksie nadat sy geval het.
- Die toestand van Mari Flint se eggenoot James versleg toenemend. .

Beterskap en sterkte vir julle.

Speeltye

Dinsdae - gemengde spel, skyfies in 8:45 vir 9:00

Donderdae - gemengde spel, skyfies in 8:45 vir 9:00

Saterdae - gemengde spel, skyfies in 13:45 vir 14:00

Spel word Saterdae in klubdrag gespeel en gewone drag vir die ander dae. Vir klubwedstryde en klubfunksies trek ons ook klubdrag aan.

Fondse

Ledegeld en ander inbetalings wat betaal word moet as verwysing jou naam en van toon, asook waarvoor jy die betaling maak. Dit sal die Tesouriere se taak aansienlik vergemaklik.

Klubfooie kan verkieslik direk in die klub se bankrekening inbetaal word.

Bankbesonderhede:

Centurion Bowling Cub
ABSA Centurion (Takkode 632005)
Tjekrekeningnr: 405 332 3178
Verwysing: Naam en "ledegeld"

Ledegeld plus BGN affiliasiefooi is ten volle betaalbaar teen 31 Oktober 2022. (Kategorie: ouderdom soos op 1 Julie 2022)

Kategorie	Ledegeld	Affiliasie	Totaal
Getroud bo 75	1910.00	490.00	2 400.00
Enkel bo 75	1970.00	490.00	2 460.00
Getroud onder 75	2120.00	490.00	2 610.00
Enkel onder 75	2180.00	490.00	2 670.00

NB. Getroude persone: Albei moet lede van die klub wees om te kwalifiseer. Spesiale reëlings vir afbetaling kan met die Tesouriere gereël word.

Kontak Marieta Fourie by: secretary@centurion-bowls.co.za of Marieta.fourie@dustaside.com

Boeke

Snuffel gerus in die boekrakke vir iets om te lees en huistoe te neem. Daar is `n kassie waarin jy R5 per boek moet ingooi. As jy klaar gelees het, bring die boek asseblief terug sodat iemand anders ook die leesgenot daarvan kan hê. Baie dankie, Judy, vir die versorging van ons boeke.

Diensrooster

Aangebring op kennisgewingbord.

GREENS AND FACILITIES

The Atkins-green (A) has been revamped and is in good condition, thanks to Bertus van Rensburg and his team. Ernst Muller does marvellous work with the new machine to mark the greens properly. A special word of thanks to Willie Kruger for his repair work and maintenance of the gate motors.

The Van Zyl-green (B) will probably be ready in the last week of October.

VAN WAAR, GEHASI?

Leon Smith

Gebore op 20 Junie 1953 te Pietermaritzburg in Natal, dit was `n Saterdag. Ek was nog baie jonk toe verhuis die familie na Estcourt in Natal. Hier het ek my laer- en hoërskoolloopbaan voltooi.

Ek is die jongste van drie kinders; daar is `n ouer broer en suster. Beide my moeder en vader het reeds afgesterf. Ek het in `n huis grootgeword waar daar streng reèls was maar dit was met liefde toegepas. Ek was `n gemiddelde student (ek dink die ander twee het die begaafdheid ontvang).

Na skool is ek opgeroep om diensplig te doen, en dit het ek voltooi op Heidelberg in die ou Transvaal.

My werksloopbaan het ek in die militêre wêreld spandeer as `n soldaat in die Suid-Afrikaanse Weermag en dan spesifiek in die Suid-Afrikaanse Leèr. Die loopbaan was vir `n tydperk van 30 jaar. Dit was goeie jare en die ondervinding wat opgedoen was, is kosbaar. Die opleiding wat ek kon ontvang, was van `n hoë gehalte. Eers toe ek die privaatsektor betree het, kon `n mens agterkom hoe waardevol die opleiding was, spesifiek op bestuusrvlak.

Met die integrasie van die verskillende weermagte in die nuwe weermag, het ek besef dat daar nie meer `n verdere sinvolle loopbaan oor was nie en het ek die diens verlaat.

Hierna volg `n loopbaan in die privaatsekerheidsbedryf vir 15 jaar as `n personeelbestuurder. Die maatskappy waarvoor ek gewerk het, het bedryfstakke in verskeie lande in Afrika en die Midde-Ooste gehad en ek het daar diens gelewer. Ek kon weereens wonderlike ervarings opdoen in die verkenning van al die verskillende lande. Kennismaking met die Midde-Ooste en die bevolkingsgroepe daar was veral verrykend. Ek twyfel of die Westerse moondhede ooit die gebied werklik sal verstaan.

Ek is op 12 Maart 1983 getroud met Elise Barnard. Elise het groot geword in die Rhodes omgewing. Sy is `n bibliotekaresse.

My rolballoopbaan het in 2001 begin by Zwartkop Rolbalklub. Ek het `n wonderlike afrigter gehad, Jean van der Merwe. Die hoofafrigter, Minx Marais, moes ook help want ek was maar `n harde neut om te kraak. In 2004 het ek gekwalifiseer as `n afrigter. Weens my werk in die buiteland het ek vir ongeveer 15 jaar opgehou om rolbal te speel. Na my aftrede het ek by Irene Rolbalklub aangesluit en tans is ek ook `n dubbellid by Centurion Rolbalklub.

Ek dank die Here vir Sy genade oor my deur al die jare.

IN LIGHTER VEIN ….

Did Shakespeare play bowls? Who knows, but he certainly had a good sense of the essence of the game, as is apparent from the following quotations:

Building up the head: "There's a divinity that shapes our ends, rough-hew them how we will." - *Hamlet*

A short delivery: "An ill-favoured thing, Sir, but mine own." – *As You Like It.*

Measuring a shot: "To be or not to be, that is the question." – *Hamlet.*

An unsuccessful drive into the ditch: "What's gone, and what's past help, should be past grief." – *A Winter's Tale.*

A good third: "When Ceasar says, 'Do this', it is performed." – *Julius Ceasar.*

A saving shot from the skip: "Alone I did it." – *Cariolanus.*

In the ditch: "Let us not burden our remembrance with a heaviness that's gone." – *The Tempest.*

A full house: "When sorrows come, they come not singly." – *Hamlet.*

Watching the score board: "We know what we are now, not what we may be." – *Hamlet.*

After the tea interval: "O what a falling off was there." – *Hamlet.*

At the end of a good game: "Pleasure and action make the hours seem short." - *Othello*

(Goodwin P G. Undated. *The bowling companion.* Cape Town: Standard Press.)

oooOooo

Stuur asb jou nuuswaardighede aan Gerrit Kamper by kampergd9@gmail.com , praat met hom op die rolbalbaan of Klubhuis of skakel met hom by 073 171 5630

Besoek gerus ons Webwerf by: **www.centurion.bowls-club.co.za**

en ook by: **https://centurionrolbalklub.shutterfly.com**. (Fotos)

Neem ook kennis van die Klub se nuwe e-pos adres:

secretary@centurion-bowls.co/za

Wanneer u e-pos aan hierdie adres stuur sal dit minstens al die lede van die Dagbestuur bereik